

Vrydag **8 Maart**

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:14-21 (AFR2020)

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:14, 15

Nie meer vir onself nie, maar vir Christus!

Wat kan dit wees wat 'n mens soos Paulus gedryf het om een van die belangrikste verkondigers en sendelinge van alle tye te word? Daar het iets met hom gebeur, daar het iemand anders in sy lewe gekom. Daardie iemand het 'n totale houvas op hom gekry.

Jesus Christus en sy liefde het in Paulus se lewe ingekom. Die glans van alle ander dinge het eenvoudig verbleek voor die glans, die dinamiek, die mag van hierdie een saak: die liefde van Christus wat in hom 'n onweerstaanbare drang geword het.

Wanneer Paulus praat van die liefde van Christus, bedoel hy nie die liefde wat ons vir Christus het nie, maar hy bedoel die liefde wat Christus vir ons het. Dit is oor hierdie liefde wat hy in al sy briewe skryf. Hy kan nie uitgepraat of uitgedink word daaroor nie. Dit is 'n oorweldigende mag wat in sy lewe ingekom het toe hy besef het: Christus het my lief.

Paulus beskryf dit op verskillende maniere. In ons fokusverse word dit duidelik dat dit 'n liefde van Christus is wat bereid was om sy hemelse heerlijkheid prys te gee. Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Goddelike wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie (Fil. 2:6). Hy het 'n dienskneg geword, Hom verneder tot in die dood aan die kruis. Hy het vir almal gesterf (15). Daarin is die liefde van Christus geopenbaar.

Ek kan alleen aan God oorgegee wees wanneer ek sê: "Here, hier is ek. Ek aanvaar die liefde van Christus as 'n liefde wat my insluit. Ek aanvaar dat Hy my ou mens gekruisig het, en my nuut maak deur u Gees. Neem my, Here, ek gee my oor aan U."

Sing: Psalm 146-1:1, 2

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)